

12 Junie

Johannes 8:48-59

### ***God verlos ons van die verganklikheid van tyd***

Tyd het weens die sondeval 'n oordeel vir die mens geword. Ons tyd gaan verby, tyd is verganklikheid. By God is dit radikaal anders: God is *Hy wat is*. Voor hierdie Naam het Moses in die woestyn gesidder. *Ek is wat Ek is*, die ewige, onveranderlike God. Hierdie Naam is die naaste wat Hy beskryf kan word.

Die Jode kan nou nie glo dat die man, Jesus van Nasaret, 'n verganklike mens, aan hulle wil kom vertel dat dié wat in Hom glo, in alle ewigheid nooit sal sterwe nie. Dit, terwyl die grootstes, soos Abraham en die profete, gesterwe het. *Wie verbeel jy jou is jy?* Tart hulle Hom.

Dan gee Jesus 'n deurslaggewende openbaring: Voordat Abraham was, is Ek. Hierdie Ek is...-uitsprake is openbaring van Jesus se Godheid. Jesus gryp doelbewus terug na die openbaring van God aan Moses in die woestyn: Israel moet weet dat Hy God is: Die Seun, een met die Vader.

So wys Hy ook op God se ewigheid: Die eeue het gekom en gegaan, maar Hy is wat Hy is. Tyd is 'n skepping. Alles, ons ook, is binne die tyd geskape. Alles stu onkeerbaar vorentoe in tyd. Daarom beklem dit ons. Na die sondeval kom ons dood onwrikbaar nader met elke sekonde wat verby tik.

Maar by God is geen hede, toekoms of vergange, geen tyd wat voortgaan nie. Hy is ewig, tydloos, bo tyd. Daarom is Hy, ook die Seun, gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Nou onderwerp die Almagtige God Hom aan die tyd. Hy gaan sy dood tegemoet, dra die vloek wat die sonde in tyd geplaas het. Die Skepper word minder as 'n skepping. Wat 'n vernedering. En die mense vir wie Hy van die verganklikheid wil verlos, wil Hom nie ken nie.

Soos wat Christus Homself nou openbaar, is tyd nie meer onafwendbare verderf nie. Hy is die *opstanding en die lewe*. Hy is die Verlosser wat die vloek uit die naderkom van die dood verwyder. Verloop van tyd word nou naderkom van heerlijkheid en volheid. Koop die tyd uit! Daar moet prioriteit in ons tydbesteding wees. Die gelowige maak tyd vir die diens aan die Here. Omdat daar nie vir alles in die lewe tyd is nie, sal ons van ander sake moet sê: Jammer, ek het nie tyd nie. Vanselfsprekend sal minder wesenlike dinge opgeoffer moet word om tyd te maak vir wat wesenlik is. En ons groot troos in hierdie gejaagde wêreld is dat Jesus Christus steeds die ewige is wat alles bestuur. En vir ons loop sy bestuur uit op heerlijkheid, op die groot oomblik waar God alles in almal sal wees.

Sing: Psalm 118:1,7

Ds. J. Malan (De Aar)